Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# September 10, 1974
# Letter, B.G. Fourie to General H.J. van den Bergh

## Citation:

"Letter, B.G. Fourie to General H.J. van den Bergh", September 10, 1974, Wilson Center Digital Archive, Portugal's African Territories, 1, 1/14/10, South African Department of Foreign Affairs Archives . Obtained by Jamie Miller.
https://wilson-center-digital-archive.dvincitest.com/document/134584

## Credits:

This document was made possible with support from MacArthur Foundation

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

- Original Scan
- Transcript - Afrikaans

Wilson Center Digital Archive Original Scan

10-9-1974

GEHEIM

Geagte kollega,

Ek stuur u hiermee stukke wat sopas van ons Ambassade in Madrid ontvang is, en waarin ons finansiële steun aangevra word deur twee politieke organisasies vir wat hulle in dele van Afrika beoog.

Die een gaan oor 'n moontlike staatsgreep in die Spaanse gebied van Fernando Poo, waar 'n groep onder leiding van ene Antonio Pastor Bolequiö en, na bewering, met die ondersteuning van die regering van Gaboen, die huidige bewind omver wil werp.

Die ander gaan oor Guinea-Bissau, waar die PA.I.G.C. nou formeel deur die Portugese Regering erken word, maar waar die "Democratic Movement of Guinea-Bissau", onder leiding van dr. Antonio Batica Ferreira as Sekretaris-generaal, wil oorneem en ons nou om finansiële ondersteuning nader.

As u daarmee akkoord gaan, sal ons ons Ambassade waarsku om hierdie mense geen aanmoediging te gee nie — m.a.w. om hulle te laat verstaan dat ons nie inmeng nie

B.G. FOURIE

Genl. H.J. van den Bergh,
Sekretaris van Veiligheidsinligting,
KAAPSTAD

JHS/mv

10-9-1974

GEHEIM

Geagte kollega,

Ek stuur u hiermee stukke wat sopas van ons Ambassade in Madrid ontvang is, en waarin ons finansiële steun aange-vra word deur twee politieke organisasies vir wat hulle in dele van Afrika beoog.

Die een gaan oor n moontlike staatsgreep in die Spaanuse gebied van Fernando Poo, waar n groep leiding van ene Antonio Pastor Bolequio en, na bewering, met die ondersteuning van die regering van Gaboen, die huidige bewind omver wil werp.

Die ander gaan oor Guinea-Bissau, waar die P.A.I.G.C. nou formeel deur die Portugese Regering erken word, maar waar die “Democratic Movement of Guinea-Bissau”, onder leiding van dr. Antonio Batica Ferreira as Sekretaris-generaal, wil oorneem en ons nou om finansiële ondersteuning nader.

As u daarmee akkoord gaan, sal ons ons Ambassade waarsku om hierdie mense geen aanmoediging te gee nie. [Handwritten addition: m.a.w. om hulle te laat verstaan dat ons nie inmeng nie]

B.G. FOURIE

Genl. H.J. van den Bergh,
Sekretaris van Veiligheidsinligting,
KAAPSTAD

JHS/mv